



# trinitas

## 1 Verlos

*Baie welkom by Trinitas!*

*Ons sien onself as 'n verlose familie van diensknegte wat gestuur is.*

*Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!*

**SONDAG, 2 SEPTEMBER 2018**

**OGGEND 09:00**

### **CHRISTUS GEE RUS AAN DIE WAT SY LAS OPNEEM**

Skriflesing: Matteus 11:25-30

Die wêreld probeer so dikwels om ons te oortuig dat wanneer jy Christus dien, sal alles met jou goedgaan en jy sal net voorspoed beleef. In Matteus 11 beloof Christus egter nie hierdie aardse voorspoed nie. Wat Hy wel beloof is dat Hy die las ligter maak. Daarom kry ons die sekerheid dat ons by Christus rus sal vind wanneer ons die las dra wat Hy vir ons gee en nie die las opneem wat die wêreld op ons wil laai nie. Sy juk is sag en sy las is lig, want Hy gee aan ons ware rus.

**AAND 18:00**

### **GESLAGSGELYKHEID IN DIE BYBEL**

Die aanklag word gereeld gemaak dat vroue onderdruk word in die Gereformeerde kerk en nie dieselfde voorregte as mans kan geniet nie. Die gevolg is dat sekere voel dat vroue nie "volwaardige lidmate" kan wees nie. As ons egter na die wet kyk en die eise wat aan die volk gestel is, sien ons die wyse waarop God elkeen gelyk sien in sy oë.

Preke beskikbaar in klank en teks by: [www.gktrinitas.co.za](http://www.gktrinitas.co.za)

## PROGRAM VIR DIE WEEK

### Dinsdag, 4 September

Bybelstudie 18:30

### Woensdag, 5 September

Bybelstudie 09:00

### Vrydag, 7 September

Manne-oggend 05:30

### SONDAGAANDE: 2E KWARTAAL

Datum	Geleentheid
2 September	Aandbyeenkoms
9 September	Aandbyeenkoms
16 September	Aandbyeenkoms
23 September	Langnaweek
30 September	Skoolvakansie
7 Oktober	Skoolvakansie



facebook.com/GKTrinitas



**Besoek GK Trinitas se facebook-blad  
weekliks vir preekopsommings,  
GKSA nuus en afkondigings.**

### KINDER-EREDIENSBEGELEIDING

Kinders vanaf 2-9 jaar is welkom om by die erediensbegeleiding aan te sluit wanneer die leraar hulle vorentoe roep.

Kontak gerus vir Petra Tromp

☎0823316151 met enige vrae en voorstelle.



## JEUGBEDIENING

Sondae 10:00: Graad 1 – 6

Sondae 16:30: Graad 7 – 11

Bepanning vanaf Sondag, 22 Julie:

**Graad 1 – 3:** Eenheid 6-8

**Graad 4 – 6:** Eenheid 6-8

**Graad 7 – 9:** Feelings and emotions, Followers of Jesus

**Graad 10:** Heidelbergse Kategismus



## Familie

### LIEF EN LEED

- Graag wil ek en my gesin dankie sê vir al u gebede, bemoedigingswoorde, SMS'e, Whatsapp. boodskappe en besoeke tydens my beroerte-aanval verlede week. Genadig is die skade in hoofsaak op die gesig aangerig. Nogmaals baie dankie vir al u liefde. Ds. Henk
- Johan Venter ☎0823353656 sterk tuis aan na sy hartomleiding.
- Chrissie Nel ☎0722099795 het Donderdag 'n knieervanging in Emf. Medi-Clinic ondergaan.
- Johann Reinecke ☎0823741690 ondergaan vandag 'n blaasoperasie in Kloof hospitaal.
- Ons innige meegevoel met Bob Kleynjan ☎0828091887 en familie met

die afsterwe van sy pa die afgelope week.

- Doris Coetzee ☎0828205604 het steeds probleme met haar voet. Voorbidding word ook vir haar gevra.

*Ons bid vir alle ander lidmate wat met siekte en swakheid worstel.*

**Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.**

### VERJAARSDAE:HARTLIK GELUK!

02/09	Aidan Pile	☎0169711206
02/09	Simon Snyman	☎0836304696
02/09	Susan van Bommel	☎0835534495
02/09	Bianca Viljoen	☎0749288000
03/09	Marthina Odendaal	☎0721998639
04/09	Jack de Bruyn	☎0828586802
04/09	Retha Janeke (snr)	☎0836255377
04/09	Marizelle Odendaal	☎0762059367
05/09	Gerrit van Bommel	☎0727057968
06/09	Malinda Pieterse	☎0728578168
07/09	Desireé Griffiths	☎0828505654
07/09	Coenraad Labuschagne	☎0733556327
07/09	Ben Swart	☎0828505654
07/09	Elra Viljoen	☎0832596891
08/09	Yolande Booysen	☎0827161909
08/09	Elsabé Cilliers	☎0825622982
08/09	Delina Hennop	☎0834566760
08/09	Sharmain vd Linde	☎0767346889
08/09	Wilna Wiesner	☎0823254779

### SPESIALE VERJAARSDAE

Geen.

### HUWELIKSHERDENKINGS

2 Sep.	Charles en Magda Conroy ☎0837435794	46 jaar
5 Sep.	Henk en Marie Hangelbroek ☎0810722914	54 jaar

7 Sep.	Hans en Rachel van Wyk ☎0765759005	22 jaar
8 Sep.	Hennie en Jorien Duminy ☎0845511686	34 jaar
8 Sep.	Japie en Elsabé Muller ☎0834126422	28 jaar

### NUWE LIDMATE

Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en vul asb. die 'Nuwe lidmaatvorm' by hom in.

### TEESKINK

Vanoggend skink die Gasvryheidsgroep tee. Sondag, 9 September skink die Lotuslanders. Harriet Labuschagne ☎0833047499 is die sameroeper van die diensgroep.

### BYBELSTUDIES

**Dinsdae om 18:30.** Stinkhoutsingel 18 (Christa Snyman ☎0798779882).

**Woensdae om 09:00** by die kerkgebou. (tensy anders per SMS gekommunikeer)

### DR. FRANS MINNIE

Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk vir lidmate van Gereformeerde gemeentes. Kontak die Kerkkantoor vir afspraak. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

### TRINITAS-BOEKHOEK

Neem gerus van die boeke agter in die saal om by die huis te lees en bring dit weer terug wanneer jy klaar is daarmee. Franciska vd Merwe ☎0827818032.

# 3 Dienskneg

## OUDERLINGE AAN DIENS

Henning Vorster, Jacob Tromp

## DIAKENS AAN DIENS

Rineke Visser, Warren Pile

## KOLLEKTES

**Onder die erediens vir Diakonale Kas**

02/09 – SAVF Shelter

09/09 – Instandhouding van erediens

## GEHOORAPPARATE

Kan agter in die kerk onder die trap gekry word. Vra gerus die klankman vir hulp.

## DIENSGROEPE

Agter in die saal, langs die welkomsbank, is daar plakkate met al Trinitas se huidige diensgroepe. Kontak gerus die sameroeper van die groep waarby jy geroepe voel om betrokke te raak.

## MEDEWERKERS

Die medewerkerslyste is in die saal by die ouderlinge se kennisgewingbord opgesit. Kontak gerus jou wyksouderling of vir Alan Brotherton ☎0834685243 met enige vrae.

## KOSPAKKIE DIENSGROEP

**Die volgende kan aangekoop word vir die kospakkies:**

Sjampoe, handewasseep, wasgoedseep (koekies), toiletpapier, tandepasta, blikkies tamatie en uie, blikkies baked beans, blikkies gemengde groente, blikkies Pilchards, blikkies gemengde konfynt, grondboontjebotter, soja maalvleis, pakkies sop, koffie, suiker, macaroni en cremora. Plaas dit in die houer gemerk 'diakonie skenkings' in die saal. **Jy kan ook 'n kospakkie borg @ R200 per pakkie (wat toiletware en kos insluit.** Baie dankie vir u ondersteuning. Sonder u bydraes sou ons nie die in nood kon help nie. Kontak gerus vir Jolani Lourens ☎0823359586 om te kom help pak.



Koördineerder:  
**Jolani Lourens**

Tel: 082 335 9586  
E-pos: Jollie.lourens@hotmail.com

- ✓ Hulp met die verpakking van pakkies.
- ✓ Skenk van produkte

## Kospakkie-diensgroep

### Doel van die diensgroep

- ✓ Pakkies word voorsien aan minder bevoorregte skole, koningskinders, asook mense in die gemeente met kosbehoefte

### Bedieningsgeleentede

- ✓ Geldelike bydraes in die diakonie se rekening



**DIE HELPER** is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir verswakke of bejaarde lidmate, en vir enkelopende dames. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak NF van Tonder ☎0823356698.

### SIEKEBESOEK DIENSGROEP

Indien jy belangstel om deel te word van die span, kontak vir James en Toetie Terblanche ☎0825723328, 0718721741 of 0169823565. Baie dankie aan almal wat so getrou siekebesoek doen.

### VERSPREIDING VAN KLERE

Kontak voorlopig vir NF van Tonder ☎0823356698 indien u wil help met die verspreiding van klere wat die diakonie ontvang.

## 4 Gestuur

### EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS

Philip Snyman ☎0834681035,  
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of  
Christa Snyman ☎0798779882.

### ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR

Kontak: Gert Visser ☎0834491036  
Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no.  
9055971748



### Kontakpersoon:

Hardus Visser  
☎0828215642

### HERWINNING

Die Here stuur ons om sy skepping op te pas om Hom ook so vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak met herwinbare items tydens kantoorure of Sondag af by die herwinningsarea agter die katkisasielokale. Kontak Maureen van Helden ☎0823922093 vir meer inligting.



### BELANGRIKE DATUMS VIR SEPTEMBER

11 Sep. Lotuslanders byeenkoms en Kernkerkraadsvergadering  
16 Sep. Diakonievergadering  
24 Sep. Erfenisdag  
25 Sep - 5 Okt. Kerkkantoor gesluit  
28 Sep. Skole sluit

### GKSA NUUS

#### BEROEPE ONTVANG

- Ds. EJ van Jaarsveld (Janré) van Tsumeb na Durban-Noord.

#### OP DIE KENNISGEWINGBORD

- Geopende Deure
- FEBA Nuus
- Frankfort Riviertoeer 2018
- Wwesskamp in die Berge 2018
- Bybelplasingstoer na Malawi
- Intergemeentekamp GK Cachet - jongwerkendes en studente
- Bybelgenootskap 198 jaar oud

#### KLEIN ADVERTENSIES

- Wiskundeklasse. Elizma Powell ☎0792904140.
- Theuns Odendaal ☎0832561387 verkoop lekkergoed. Varkvleis opgesny beskikbaar @R40/kg. Spareribs 10kg vir R650 – per boks. Spesiale kombo te koop

met verskillende vleise, worse @R1 900.  
Snoek, visvingers, russians, viennas en  
gevriesde groente is ook te koop.

•Algemene herstelwerk, Renier de Beer  
☎0748917646.

•Gerhard du Plessis ☎0658055245  
benodig dringend werk.

### **KERSPROGRAM 2018**

Ons beoog om vanjaar 'n koor of 'n klein  
ensemblegroep saam te stel om tydens die  
Kersprogram 'n paar items te sing. Indien jy  
belangstel, stuur asb. 'n SMS of 'n  
WhatsApp vir Maureen van Helden  
☎0823922093.

### **TRINITAS WORD 10 (2019)**

Trinitas word 10 jaar oud in 2019 en ons  
beplan 'n groot fees. Hou die nuusbrieff dop  
vir meer inligting!

### **SPESIALE VERSOEK AAN GEMEENTE**

Die gemeente word gevra om asb. indien  
moontlik, 'n spesiale bydrae tot die  
diakonie se fondse te maak, aangesien hul  
uitgawes tans hul inkomste oorskry. Plaas  
dit in koevert gemerk 'diakonie spesiale  
bydrae'. Dankie vir u ondersteuning. NF  
van Tonder ☎0823356698

### **FRANKFORT RIVIERTOER 2018**

Kyk gerus op die kennisgewingborde na  
meer inligting oor die jaarlikse Frankfort  
Riviertoeir vir gemeentejeug wat aangebied  
word deur GK Frankfort.

### **KONTAK ONS**

[www.gktrinitas.co.za](http://www.gktrinitas.co.za)



GKTrinitas

**Kerkkantoor:** Elsabé Muller

☎0169825017 / 0724874258

**Skriba:** Gerrit van Wyk 0711032110

**Koster:** Elsa Prinsloo 0794778699

**Kassier:** Emil Janeke 0798725286

**Afloskoster:** Jan Swanepoel 0828422592

**Orrelis:** Nannes v.d. Walt 0833041841

**Bankbesonderhede van kerk:**

Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas

ABSA Tjekrekening 530340449

**Diakonie bankbesonderhede:**

ABSA Tjekrekening 530340457

**Predikant:** Peter Venter

☎0797338778

[peter@gktrinitas.co.za](mailto:peter@gktrinitas.co.za)

## **VANAF DIE KOMMUNIKASIESPAN**

Geagte gemeente,

Ons is weer besig met die vraelyste van NCD (Natural Church Development) wat ons jaarliks instuur vir ontleding. Hierdie analise is 'n barometer vir die meetbare aspekte van ons gemeente se groei. Die punt waarop ons tot dusver die laagste telling het is Kleingroepe. Ek is van mening dat dit deels is omdat ons begrip van Kleingroepe slegs beperk is tot iets soos "selgroepe." Ons is nie 'n gemeente waar "selgroepe" tans in die volle sin van die woord tans funksioneer nie. In Trinitas sien ons tog Kleingroepe in die breër sin, soos byvoorbeeld Bybelstudiegroepe, Abba manne (die manne wat Vrydae

oggende bymekaar kom), die Kernkerkraad, die Diakonie, die Belydenisklas en Die Lotuslanders. Met ander woorde, enige groep binne die gemeente wat rondom geestelike en ander belange saamkom. Ek hoop dit bring 'n beter perspektief op hierdie saak.

Verder wil ek julle vra om dus voorbereid te wees dat die Kommunikasiespan julle dalk binnekort kan nader om 'n vraelys te voltooi.

Groete  
Dewald Pieters  
(namens die Kommunikasiespan)

---

## **TOERUSTING**

**Kyk saam met Peter na: Ons liturgie**

**Die Verootmoedigings- en versoeningsdiens in die samekoms en die afkondiging van die wet van die Here**

Na die ontmoetingsdiens is ons as gemeente deeglik bewus van die volmaaktheid van die Here. Ons sondigheid staan in skerp teenstelling daarteenoor. Die aksie van skuldbelydenis is dus noodsaaklik en ons kan daarin ook die nood vir versoening raaksien. Die voorlesing van die wet het 'n belangrike plek in die verootmoediging- en versoeningsdiens. Dit dien as kernbron van ons kennis van ons ellende, as tugmeester terug na Christus toe en as die riglyn vir ons lewe van dankbaarheid.

Die voorlees uit die wet uit Eksodus 20 en Deuteronomium 5 beklemtoon die wet as geheel. Ander Skrifgedeeltes kan die Wet se beloftes en eise na vore bring, byvoorbeeld Ef. 4:25-5:3, Rom. 12:9-21 en dele uit die bergrede, om maar net 'n paar te noem.

## **Huisgodsdiensriglyn**

3-9 September

**Lees saam:** Jeremia 2:1-25

### **Agtergrond:**

Jeremia kondig die oordeel van die Here aan wat die volk gaan tref. So waarsku hy die volk dat die ballingskap gaan plaasvind. Jeremia lig dit egter ook baie duidelik uit hoekom die Here die volk in ballingskap gaan laat wegvoer.

Hy gebruik die beeld van waterbakke wat gebars is en wat nie water kan hou nie. Jeremia herinner die volk dat God die enigste bron van lewende water is en dat daar waar die volk hulle dors tans wil les, leeg en vals is.

### **Vrae:**

- Waar sien jy in die gemeenskap plekke of dinge waar mense verkeerdelik hulle dors wil les?
- Hoekom gaan seek mense ander "drinkplekke" as by God?
- Hoekom gaan seek mense ander "drinkplekke" as hulle weet dat dit nie die dors gaan wegvat nie en eintlik leeg is?

### **Bid:**

- Dank God dat ons mag glo dat Hy ons dors wegvat
- Dank God dat Hy ons raaksien wanneer ons dors is
- Vra dat God die gebarste klipbakke sal wegneem in jou lewe en jou oë sal oopmaak, sodat jy Hom sal sien as die enigste Bron van lewende water.

**Sing saam:** SB. 17-1:1

Wees nie besorgd nie oor jul lewe,  
oor wat die harte neerwaarts trek:  
"Wat sal ons eet, waar vind ons laafnis?  
Wie skaf die kleed wat ons moet dek?"  
Is lewe en liggaam dan nie meer nie  
as alles wat net kommer wek?

*Kry die begeleiding by:*  
<https://goo.gl/GiyyynE>

